

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

1 September 2019 **Nr. 726**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!
Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak !

Predikant:	Ds Gert Erasmus	Tel: 012 548 6228	Sel: 076 839 6973
Skriba:	Br Piet Prinsloo		Sel: 072 117 6117
Attes-skriba:	Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Susterssake:	Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Adminbeampte:	Sr Magda Schoeman		Sel: 082 312 7523
Kantoorure:	Dins, Don & Vry vanaf 08:00 – 13:00		
Koster:	Br Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres:	admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf:	www.gkmagalieskruin.co.za

EREDIENSTE

Oggend 10:00 NABETRAGTING **Ds Gert Erasmus**

Skriflesing: Matteus 14: 22 - 33
Teks: Matteus 14: 28 - 33
Tema: God openbaar aan ons deur sy Woord die ware geloofsbesef!
Sang: Ps 106: 1, 20 Ps 119: 19 Ps 31: 17 Ps 68: 9
Kollektes: Diens van Barmhartigheid Klassis Hulpfonds

Aand 19:00 **Ds Gert Erasmus**

Skriflesing: Matt 7: 13 – 23; Joh 17: 1 – 14; Hebr 10: 38; Hebr 11: 6
Belydenis: HK Sondag 7
Tema: Deur die ware geloof kry ons deel aan die Middelaar!.
Sang: Ps 147: 1, 3 Ps 51: 1, 2 Ps 128: 1, 3
Kollektes: Diens van Barmhartigheid Hulp in Kerkverband

SAMESANG AAND 18:45: Ps 44: 1, 2, 3 Ps 45: 1, 2 Sb 18-5: 3, 4 (23)

Kollekte volgende Sondag:	**Oggend**	**Aand**
8 September	Teologiese Studente	Hulp in Kerkverband

Preke op CD:
Plaas u bestelling op Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by Ryno van Emmenis, 079 562 9560. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek.
Koste: **R30 per CD** enkel in kassie, **R50 per 2 CDs** in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie.
Preke op die webwerf:
Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

Afsprake met ds Gert Erasmus

Dit is uiteraard so dat ds Gert, vanweë werksdruk nog nie by elke lidmaat persoonlik kon uitkom nie. Lidmate wat graag persoonlike afsprake met hom wil reël is egter altyd welkom. Kontak hom gerus persoonlik of via Magda by die kantoor. Neem asb die vrymoedigheid!!

VIR MEELEWING

Verwelkoming
- Aan alle besoekers saam met ons!

Meelewing
- Br Marius Aucamp (083 325 7622) is in Montana Hospitaal opgeneem vir behandeling.
- Sr Elise Spies (082 654 9214) is in Montana Hospitaal.
- Br Jan Venter (082 926 7723) is nog in Unitas hospitaal.

Die volgende lidmate was in die hospitaal en sterk tuis aan:
- Br Peet Oelofse (083 327 2031); Sr Pikkie Thiart (072 458 3988); Niek de Klerk (082 845 3053); Br Jan Langerak (082 821 8153); Sr Elize de Bruyn (081 569 6513). Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: br Andries Nel (Huis Blymoedig); br Kallie (072 120 6345) en sr Estelle Steenkamp (072 120 6345); sr Elsa van Wijk (082 460 8262); Sr Lettie van Wyk wat in Fleurenville 819 versorg word.
- Ons dink aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke mediese prosedures moes ondergaan.
- Ons dink ook aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke operasies moes ondergaan! Sterkte met die herstel en rehabilitasie.

ONS DANK DIE HERE SAAM MET
- Sr Ria Hechter (082 549 5468) wat DV 2 September 81 jaar sal wees.
- Sr Lettie van Wyk van Flearenville wat DV 2 September 91 jaar sal wees.
- Br Jan Venter (082 926 7723) wat DV 7 September 87 jaar sal wees.

Verjaarsdae
- Mag die Here aan u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

September	Sondag	1	Christa Dreyer	083 280 6724
	Maandag	2	Ria Hechter	082 549 5468
		2	Lettie Venter	
	Dinsdag	3	Jaco de Wet	082 213 2290
	Vrydag	6	Petra Wagenaar	012 548 1424
	Saterdag	7	Shamay du Plessis	082 458 6775
		7	Jan Venter	082 926 7723

VAN DIE KERKRAAD

Bankbesonderhede vir GK Pretoria-Magalieskruin			
Rekeninghouer:	GK Pretoria-Magalieskruin	Bank:	Absa Bank
Rekeningnommer:	5260 157 053	Takkode:	336945
Verwysing:	Naam, Van en Wyknr.	E-pos adres:	admin@gkmagalieskruin.co.za
Bankbesonderhede vir Sustersbydrae			
Rekeninghouer:	Susters GKPM	Bank:	Standard Bank
Rekeningnommer:	034 633 758	Takkode:	051-001
Verwysing:	Naam, Van en Wyknr.	E-pos adres:	magaliessusters@gmail.com
Bankbesonderhede vir Diakonie			
Rekeninghouer:	Diakonie GKPM	Bank:	Absa Bank
Rekeningnommer:	1420280579	Takkode:	632005
Verwysing:	Naam, Van en Wyknr.	E-pos adres:	corra.erasmus@vodacom.co.za

Aanvangstyd van aanddienste

Die Kerkraad het na oorleg met die Kerkraad van die Geref Kerk Pretoria-Montanapoort besluit dat die **aanddiens** tydens **skoolvakansies** voortaan om **18:00** sal begin. Hierdie reëling geld nie vir langnaweke nie. Die nuwe skoolvakansie reëling neem in aanvang met die komende skoolvakansie (22 en 29 September).

TER APPROBASIE

Ter approbasie (ter goedkeuring) word voorgehou as ouderling: Br Kobus Vreugdenburg.

Almanak 2020 bestellings

Neem kennis dat die bestellings vir die Kerk Almanak 2020 reeds geplaas kan word. Ons het egter nog nie 'n finale prys nie maar werk voorlopig op R84.00. Kontak asb Magda Schoeman Sel: 082 312 7523.

Verandering van u persoonlike inligting

Indien enige van u inligting verander het, soos adres, telefoonnommer, beroep of e-posadres, vra ons dat u asseblief die inligting na die kantoor toe sal deurgee. Daar is ook nou, vir u gerief, 'n rakkie in die portaal vir hierdie doel geplaas, asook enige inligting wat u sou versoek om in die nuusbrief of onder die kantoor en/of ds Gert se aandag te bring. Hierdie rakkie sal op 'n Dinsdag tydens die kantoor adminvergadering deurgegaan word en die nodige aandag geniet.

Alle kommissies en lidmate

Alle berigte wat in die nuusbrief verskyn **MOET** normaalweg op die laatste Donderdag **om 12:00** reeds in "MS Word" formaat **na die kantoor gestuur word**. **Neem asb kennis dat volgende Sondag die laaste nuusbrief is tot 6 Oktober 2019. Stuur asb alle berigte vir hierdie tydperk reeds Dinsdag 10 September voor 12:00 vir plasing in die nuusbrief van 15 September 2019.** Geen laat berig sal in die betrokke nuusbriewe geplaas kan word nie, maar moontlik wel in die voorportaal. Indien daar dringende inligting afgekondig moet word oor gebeure wat na die afsnytyd plaasgevind het, moet dit asb gestuur word na ds Gert se e-pos: *dsmagalieskruin@gmail.com*

Katkisasie:
Gr 0-11: Vandag: Opening in die kerk. Daarna Les 19 vir gr 0-7. Bybelstudie vir gr 8-11.
Vir ons Hoërskool Katkisante:
Woensdag 4 September: 17:30-18:00: Graad 8 en 9
18:00-18:30: Graad 10
18:30-19:00: Graad 11 (Belydenisklas)
BRING asb julle Bybels, psalmboeke en 'n notaboekie saam!

GEMEENTE AKTIWITEITE

Gemeentekamp

Al die lidmate wat die gemeentekamp gaan meemaak (13-15 September) moet asb na die oggenddiens in die kerkgebou agterbly vir 'n kort inligtingsessie.

Bybelstudiegroepe

Groep 3 (Stephanus van der Walt: – 012 567 2709 / 082 338 3216) – Dinsdag 3 September om 15:00 in die konsistorie. Tema: Hoe praat die Here vandag met ons? (Vervolg) 'n Volgstuk kan na die erediens by Stephanus of Fransie verkry word, indien u nog nie een ontvang het nie. Skakel nou in en verryk ons met jou gawes (1 Pet 4:10). Byeenkomste vind elke tweede Dinsdagmiddag vir 'n uur plaas. Bring gerus kennisse saam.

Groep 1 (Henriette Schutte – 012 548 2295 / 082 325 0751) – Woensdag 4 September om 09:30 in die konsistorie. **Tema:** Die voetspore van Bybelmense. Kom saam en leer hulle beter ken. Alle susters is welkom.

Uitkoms

Daar word 'n Dames Lente Ontbyt fondsinsameling gehou op 18 September deur UITKOMS se personeel. Koste: R100 pp. Kontant asb Magriet Petzer 012 548 2832 / 082 770 3884.
Ons kuier weer by UITKOMS se inwoners op 19 September om 10:00. Ons beplan 'n kuns item maar die samesyn en ons belangstelling is die hoofrede vir ons besoek. ALMAL IS WELKOM!!

Eljadahuis
Onthou die "Bring-'n-Blik" projek (bring elke Sondag net een blikkie kos kerk toe) vir Eljada!! Hulle onmiddellike krisis is suiker, koffie, pasta en langlewemelk. Die ander behoefte is nie-bederfbare items soos blikkieskos, pakkies tee, ontbytpap, broodsmere en toiletware. Enigiets wat in 'n huis gebruik word, behalwe luukshede (vir óns: "bederfies") is welkom. Ook daardie klein komplimentêre sepies, sjampoe en ander toiletware wat so lastig in jou huis rondlê, kan baie goed aangewend word hier. Hulle nood bly dieselfde vir daaglikse kos, klere en ander lewensmiddelle.

Gereformeerde vriendekring
2019 MIDWEEK-WEGBREEK:
ATKV Buffelspoort - DV 16-20 September 2019
Vir almal wat Buffelspoort toe gaan: 3 September 2019 om 10h00 in die kerksaal vir ons beplanningsvergadering.

Dagboekdatums

Dinsdag	3 Sep	Bybelstudie (Stephanus – konsistorie)	15:00
	3 Sep	Gemeente Toerusting	19:00
Woensdag	4 Sep	Bybelstudie (Henriette – konsistorie)	09:30
	4 Sep	Katkisasie	17:30-19:00
	4 Sep	Bybelstudie Jeug	19:30
Vrydag	6 Sep	Jeugaksie	18:00

SUSTERS

Teeskinkbeurte
Kom geniet 'n koppie tee of koffie onder die afdak!

1 September	Wyk A1	Fransie vd Walt	8 September	Wyk D1	Helena Potgieter
	Wyk A2	Martie Goede		Wyk A3	Heleen Verhoef
	Wyk D2	Hantie Briel		Wyk D3	Hanlie de Bruin

WYKSUSTERVERGADERING: 16 September 18:00 by die kerk.
WORSBROODJIE EN BASAARPOEDING FONDSINSAMELING: 18 Oktober

Gemeente Kameeldrift se afgelope 17de Damesoggend – 24 Augustus 2019

Wat 'n sielsverrykende en baie prettige oggend! Ons is buite verwelkom met koffie en beskuit en binne het die mooiste gedekte tafels ons ingewag, elkeen 'n weerspieëling van die gasvroue se eie unieke "Tikkie Styl".
Ds Ben Fourie het geopen met gebed wat op 'n baie spesiale manier afgesluit is deur programmeester **Gerbrandt Geldenhuys** se vertolking van die **Onse Vader**, pitkos vir die siel!
Elsabé Aldrich het ons op 'n baie humoristiese manier ingelaat op die *groot geheim* van hoe om 'n *"Sappige Vrou"* te wees, jou eie *X-Faktor* te ontdek en uit te leef. Sy het ons ook daaraan herinner om God te dien soos Hy wil hê jy moet.
Tydens pouse is daar heerlik gesmul en gekuier om die tafels. **"Touch of Class"** het ons as 'n laaste bederf getrakteer met die mooiste sang en musiek van Toeka tot Nou...
Met dankbaarheid het **Susan Fourie** namens die dameskomitee nagenoeg **R245 000** aan Kobus Vorster van die kinderhuise kon oorhandig en soos syself tereg gesê het, aan God al die eer!
Dit was 'n absolute voorreg om deel te kon wees van hierdie glansryke en stylvolle damesoggend met die wete dat elkeen se bydrae, hoe gering ook al, 'n groot verskil in 'n kind se lewe gaan maak.
Vertrou dat ons meer Susters van Pretoria-Magalieskruin by die Kameeldrift **Damesoggend 2020** gaan sien. ***Moet dit nie weer misloop nie!!.***

DS GERT SE DAGBOEK

Maandag:	Pastorale besoek	10:00 - 11:00
	Pastorale besoek	15:30 - 16:30
	Opname gesprek – volwasse kategese	19:15
Dinsdag:	Predikante ontbyt: Dirk Postma Skool	08:00 - 10:00
	Gemeente Toerusting	19:00 - 20:00
Woensdag:	Katkisasie	17:30 - 19:00
Donderdag:	Voorbereiding	
Vrydag:	Voorbereiding	

Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël.

BEROEPE ONTVANG
- Ds GM Boersema (Marnix) van Graaff Reinet na Reitz/Lindley kombinasie

BEROEPE AANVAAR
- Proponent JC Potgieter (JC) na Reformed Church Tshwane